Publication: Beeld,Daily (Sport)
Publication Date: 14 Feb 2018
Page: 23

AVE: 28599.38
Circulation: 41286
Part: 1 of 1

GRAND PRIX-REEKS

# Nuwe toets vir Caster

## Het oog op 1000 m-rekord




**Caster Semenya gaan volgende maand haar slag in die 1 000 m wys.** Foto: ROGER SEDRES

Suid-Afrika se Olimpiese en wêreldkampioen Caster Semenya sal volgende maand vir die eerste keer tot nog toe aan die 1 000 m deelneem.

Dié nommer, wat selde gehardloop word, is op 8 Maart op die program by die tweede atletiekbyeenkoms in die Grand Prix-reeks in Pretoria.

Die 27-jarige dubbele Olimpiese kampioen het laat deurskemer sy kan selfs 'n aanslag loods op die Suid-Afrikaanse rekord van 2:37.2, wat Ilse de Kock Wicksell in 1983 opgestel het.

"Dit gaan goed met my voorbereiding. Ek is fiks, ek het selfvertroue en as die toestande reg is, wil ek sien hoe naby ek aan die rekord kan kom.

"Alles hang af van die pas van die wedloop," sê Semenya.

Dié atleet het Saterdag die 400 m in 51 sekondes afgelê op 'n Noord-Gautengse ligabyeenkoms wat by Tuks gehou is.

"Die Grand Prix-reeks pas goed in by my program. Ek sal kan sien hoe my voorbereiding verloop.

"Deelname aan die reeks sal 'n aanduiding gee watter tye ek later in Europa kan hardloop.

"Die Afrika-byeenkoms vind in Augustus in Nigerië plaas en dan is daar ook die Kontinentale Beker en Wêreldbeker. So al is daar geen Olimpiese Spele of WB-byeenkomste nie, is dit steeds 'n belangrike en lang jaar vir my."

Voordat die Europese seisoen aanbreek, sal Semenya ook haar slag op die Statebondspele in Australië wys. Dit vind in April plaas.

Semenya sal ná haar debuut in die 1 000 m in Pretoria haar Suid-Afrikaanse titel in die 800 m by die nasionale byeenkoms in Potchefstroom verdedig.

Sy sal op 22 Maart by die laaste Grand Prix-byeenkoms in die Paarl aan die 1 500 m deelneem.

Ook dáár is 'n Suid-Afrikaanse rekord in haar visier: Zola Budd Pieterse se 4:01.81.

Semenya het in 2016 in Durban 'n tyd van 4:01.99 gehardloop. – **Sportredaksie**

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.